Oordenking
22 Februarie 2010

Lydenstyd, versoekings en die Woord van God.

Voordat Jesus sy bediening begin, lei die Heilige Gees Hom die woestyn in, waar Hy 40 dae van voorbereiding spandeer. Geestelike dissipline het hierin 'n groot rol gespeel en Jesus het gevas, gebid en geleer van sy messiaanse roeping.
Die Lydenstyd kan so 'n tyd vir ons wees, waarin ons deur geestelike dissipline leer van ons roeping en gehoorsaamheid aan God.

Jesus het 40 dae gevas. Hy het baie honger geword. Om so honger te wees maak van Hom 'n teiken vir die versoekings van Satan. Die duiwel sê toe vir Jesus: *"As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word."* (Luk 4:3). Mens vind aanvanklik nie veel verkeerd daarmee om brood te maak as jy honger is nie. Later sou Jesus brood vermenigvuldig – kon Hy dan nie maar brood maak terwyl Hy so honger was nie?

Hier is minstens 2 goed verkeerd. Eerstens was die verandering van 'n klip in brood iets wat heidense towenaars gedoen het om mense te beïndruk. Die duiwel vra Jesus om sy goddelike mag te gebruik om hom te vermaak. En God se wondermag word nooit gebruik om enige iemand te beïndruk of te vermaak nie. Tweedens kom die versoeking op 'n tyd wanneer die Heilige Gees wou hê dat Jesus nog moes vas. Dit was die soort versoeking wat sê, ag, dié sonde is mos menslik, dis nie so ernstig nie. Sal God regtig aanstoot neem as jy vir jouself kos maak?

Dis 'n klasieke argument wat ons as verskoning gebruik om volgens die beginsels van die sondige wêreld te lewe: dis natuurlik, dis menslik, God sal verstaan!

Hoe reageer Jesus op die duiwel se versoekings? Hy haal die Skrif aan. Jesus het gesê: *"Daar is geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie."* Dit kom uit Deut 8: 3 waar Moses die volk herinner aan hul omswerwinge in die woestyn: *"Die Here het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom."*
Deur die Skrif aan te haal, verslaan Jesus die versoeking van Satan. Sy honger vir brood is minder belangrik as om aan God getrou te wees. Onderwerping aan God se gesag is wat regtig saak maak.

Om versoeking te oorwin, haal Jesus die Skrif aan.
Daar is goddelike krag in die Woord van God. Daar is baie meer krag in God se Woord as in my wilskrag. Tydens versoeking moet ek aan God se Woord vashou, die waarheid daarvan glo en dit as die swaard van die Gees gebruik om die vyand te verslaan. Hoe meer kennis ons van die Woord het, hoe sterker maak die Gees ons om versoekings te weerstaan.

As jy versoek word om sonde te doen, hou vas aan die Woord van God. Lees dit. Sê dit, Sing dit. Laat die krag daarvan jou in staat stel om die versoeking om te sondig, te weerstaan.